

19 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 6:1-4

Fokusgedeelte: Matteus 6:3, 4

Is jou gee verborge?

Die Fariseërs het darem nog gegéé, het hulle nie? Party sommer baie! Soos daardie een van wie ons in Lukas 18:12 hoor: "Ek gee 'n tiende van my hele inkomste." Maar jy en ek vandag – met die armoede rondom ons wat ten hemel skrei? Kan dit wat ons – ook ons as Gereformeerdes – vandag hier in Suid-Afrika dikwels afknyp, *nog géé genoem word?*

Tog het Christus ons as sy volgelinge op die allerdringendste manier in hierdie selfde Bergrede opgeroep om 'n *groter getrouheid* aan die wet te openbaar as daardie Fariseërs met hulle "helpende hande" (Matt. 5:20). Immers: "Die pad van die dissipels na die wet gaan oor die kruis van Christus" (Bonhoeffer). Uit Christus se totale vervulling van alles wat "gee" beteken, moet óns gee eintlik mos, deur die Heilige Gees, rojaal na die namelose nood van hierdie wêreld van die 21ste eeu toe uitvloei ... "Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly *en sy hart vir hom toesluit*, hoe bly die liefde van God in hom?" (1 Joh. 3: 17).

Die punt is net: Wanneer jy of ek begenadig word om ons hart vir iemand wat gebrek ly – of, dikwels vandag, 'n héle gemeenskap wat gebrek ly – oop te maak, doen ons dit *in die verborgene*? Ons hulpverlening kan tog ook 'n vorm van *selfbemarking* wees, kan dit nie? "Ondersteun hierdie of hierdie persoon, instansie ... of kerkgemeenskap wat so baie vir die noodlydendes gee!" ... Maar jou linkerhand moet nie weet wat jou regterhand doen nie. Jou beste vriend moet nie van jou gee weet nie. Dit moet eintlikook vir jouself verborge wees. Die wonder is: jou Váder sien ... Wat meer wil jy hê?

Sing: Psalm 112:1, 2 (2001-omdigting)

Dr. PP Kruger (Emeritus)